# *Vakature*: Orrelis / Clavinova-begeleier

**NG Kerk Krokodilrivier – Brits**

NG Kerk Krokodilrivier, ’n gevestigde gemeente wat sedert 1914 bestaan en ’n ryk en mooi geskiedenis het, nooi hiermee aansoeke uit vir die pos van Orrelis / Clavinova-begeleier. Die gemeente is een van twee NG gemeentes binne die dorpsgrense van Brits, wat omring word deur ’n welvarende landbou-, nywerheids- en myngemeenskap. Brits lê op die drumpel van Gauteng, sowat 60–70 km vanaf Pretoria en Johannesburg. Ons het ongeveer 1150 lidmate, met twee leraars, wat ’n sterk jeug- en jongvolwasse komponent insluit.

Ons glo dat musiek ’n kernrol speel in die dra van die boodskap tydens die erediens, en dat dit die liturg ondersteun in die verkondiging daarvan.

## Posbeskrywing

Ons soek ’n vindingryke, passievolle en aanpasbare musiekbegeleier wat die gemeente met inspirasie kan begelei — afwisselend op beide die orrel en die Clavinova.

Die pos behels onder andere:

- Koördinering van ons totale musiekbediening.
- Inspirerende begeleiding van gemeentesang.
- Voorbereiding en begeleiding van eredienste (klassiek en kontemporêr).
- Alle voorbereiding rondom liturgie in samewerking met die leraars.
- Gebruik van Flam-, Vonkk- en Liedboek-liedere, asook ander liedere soos versoek, die gemeente is gereed vir nuwe geestelike musiek wat beskikbaar is.
- Voorbereiding en begeleiding van ander musiekbydraes tydens eredienste.
- Musikale versorging van spesiale of ander geleentheidsdienste.
- Samewerking met sangers en instrumentaliste; begeleiding van koor of ensemble waar nodig.

## Vereistes

Die ideale kandidaat moet:

- entoesiasties en passievol wees oor musiekbediening;
- oor toepaslike musiekkwalifikasies, vaardighede en relevante ondervinding beskik;
- oor goeie tegnologiese vaardighede beskik;
- binne spanverband, effektief kan funksioneer;
- ervaring hê in die begeleiding van ’n gemeente (vereiste);

- bereid wees om saam met die leraars oor die toekoms te kan droom en beplan;
- beskikbaar wees vir ’n Saterdag speelgeleentheid (op die orrel en die Clavinova), ’n Sondag oggenddiens en ’n onderhoud daarna.

**Vergoeding**

Onderhandelbare salaris volgens SAKOV-skale as riglyn, afhangend van kwalifikasies en ervaring.

- Spel tydens begrafnisdienste vir lidmate word ingesluit by die maandelikse salaris.
- Spel tydens begrafnisdienste van nie-lidmate word nie ingesluit by die maandelikse salaris nie.

**Aansoekproses**

Stuur asseblief ’n kort CV per e-pos na: **kantoor@ngkrokodilrivier.co.za**, vergesel deur die volgende:

1. ’n kort skriftelike motivering waarom u glo dat u goed in die pos sal pas,
2. ‘n kort selfoonvideo, waarin u u self bekendstel (aangeheg by CV per epos),
3. ‘n kort selfoonvideo van u orrelspel (aangeheg by CV per epos),
4. drie referente,

***Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Januarie 2026***

LW: Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

**Vir enige navrae kontak vir Ds Theo Oosthuyzen 0823885002 of Francois Hanekom (Kerkraadvoorsitter) 0828517894**